

## OM LIDMAAT TE WEES BETEKEN OM BESKIKBAAR VIR DIE HERE TE WEES

Lees : Efesiërs 4

Dit is een ding om aan iets te behoort, maar 'n ander saak om beskikbaar te wees vir diens .

Daar is talle organisasies met elletange ledelyste, maar baie min lede is werklik beskikbaar. Dit is ongelukkig ook waar van die kerk. **Die lidmate is daar, maar as die Koning van die kerk hulle oproep tot diens, dan het hulle baie verskonings waarom hulle nie beskikbaar is nie.**

Dit is 'n tragiese situasie, want na sy wese is die kerk dan juis 'n groep mense wat aan die Here Jesus Christus behoort en dus uitsluitlik tot sy beskikking behoort te wees.

As ons bely dat ons aan 'n heilige kerk behoort, verklaar ons daarmee dat, naas die unieke status wat ons ontvang het as heiliges in Christus, ons ook beskikbaar is. Die woord "heilig" beteken o.a. ook "afgesonder", "eenkant geplaas", "tot beskikking van".

**Omdat ek aan die Here Jesus Christus behoort, daarom moet ek ook beskikbaar wees. Kom ons vra vir mekaar: "Is dit wat kerklidmaatskap vir jou beteken?"**

Die tragiese is dat die kerk oor 'n enorme leërmag van diensknegte en diensmaagde beskik, maar dat die wa deur 'n klein groepie deur die drif getrek moet word. Die res is blote toeskouers en pawiljoensitters en as die kerk in die naam en op gesag van Here, die Koning van die kerk Jesus Christus, hulle wil inskakel in sy omvangryke diens, dan is hierdie mense net nie beskikbaar nie!

Jou woorde moet ook tot daad oorgaan. Jy moet deur jou betrokkenheid help om alles in die gemeente waar jy kan inskakel, vlot te laat verloop.

**Mag hierdie woorde oor lidmaatskap soos geskryf deur Ds Franz Oosthuizen ons weer laat nadink oor hoe beskikbaar ons is, en mag dit ons aanspoor tot groter beskikbaarheid – om in Sy Diens te staan.**

Groete

**1 Kor 3:9 - Jou medewerker in diens van God Drie-enig  
Leon Tait**



### Waarvoor is ons bekend in die Moot?

Prof Stephan Joubert vertel hoe hy in Nieu Seeland op'n keer die advertensie van 'n sekere koeldrank raakgelees het: *Wold famous in Nieu Zealand*. Dit is die uitdaging van al die eietydse navolgers van Jesus om bekend te wees vir die Goeie Nuus in ons eie omgewing en ons eie buurt!

Om Jesusliefde te leef teenoor mense rondom jou met dieselfde poskode en van dieselfde straat, familiekring, gemeente, buurt en werkkring is ons grootste uitdaging! Soos Jesus moet ons oral waar ons is by Sy gunstelingmense naamlik die armes, kreupeles, melaatses, sondaars, uitgeworpenes, hongerlydendes en alle beproefdes met warm harte en oop hande uit reik.



Die mense in ons eie omgewing moet ons ken as hoopverspreiders. Wat help dit ons wil die heile wêreld vir Christus wen maar ons eie buurt is nie eers vir Hom bereik nie? Wat help dit ons wil oorsee help, maar ons kom nie eers oor die straat om te help nie? Wat help dit ons wil groot dinge vir God elders doen, maar ons is nie plaaslik relevant nie?

Ons het 'n keuse om *akwariumbesoekers* te wees of *oop see hengelaars*. Om in die veilige en voorspelbare ruimte van die akwarium na visse te kyk en te bewonder is iets heeltemal anders as om self op die oop see te hengel. Daar trotseer jy die golwe, verlaat die veilige ruimte van die akwarium en daar is jyself in aksie (jy kan dit nie deleger aan iemand anders nie). Ons is geroep om vissers van mense te wees op die oop see van elke dag op die markpleine van die lewe. Daar waar ons leef en beweeg tussen die verlore en stukkes rondom ons.

Aan die hand van *sekere toetsvrae* kan ons vasstel of ons akwariumkykers of oop see vissers is:

- 1) Watter impak maak Rietfontein-Suid op mense in nood in ons eie omgewing?
- 2) Hoeveel van ons energie en tyd spandeer ons aan die nood van die mense in ons omgewing?
- 3) Watter plek het die nood van die gemeenskap in ons agendas en begroting?

>> na bladsy 2

- 4) Hoeveel van die noodlydendes in die omgewing ken ons gemeente as mense van omgee?  
 5) Grootste vraag: is nie in watter mate ons dink ons relevant kerk is nie, maar wat die noodlydendes in ons gemeenskap dink hoe relevant ons is?

Ken die werkloses, dakloses, hongerlydendes, stukkendes en verlore nes ons as mense met warm harte, sagte oë en oop hande ?

Ons leuse is mos: Ons gee om! Kom ons leef dit uit meer as ooit! Kom ons wees lewende advertensieborde van Jesusliefde in die buurt. So kan ons geloofwaardige getuies wees en die Moot verander een persoon op 'n keer.

Ds Leon van Heerden



- ◆ **1 April:** Gesinsdag
- ◆ **9 April:** Skole open
- ◆ **21 April:** Doop
- ◆ **27 April:** Vryheidsdag (Vakansiedag)

**Sien jou daar!**



**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

**GRATIS** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

**ERTWURMS** - Kry 100 wurms vir R105. Grootste wurm is 18cm. Kontak Heinrich by 072 159 1843

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer!

Kontak Ilze 072 111 3100, email - ilzedples@gmail.com

## PINKSTERDIENSTE 12-16 MEI by Rietfontein-Suid - dr Arnold Mol

"Hoe om volgens die Woord van God te lewe"

Sondagoggend: Hoe om doeltreffent te bid (deel 1)

Sondagaand: Hoe om doeltreffent te bid (deel 2)

Maandag: Hoe om van jou skuldias ontslae te raak

Dinsdag: Hoe om geestelik te groei

Woensdag: Hoe om lyding te verwerk

Donderdag: Hoe om jou geloof te versterk

## Die Gemeente wat vir almal omgee!



**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!** Jy sal nie spyt wees nie.

### VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

*Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:*

*Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591*

## QCR LEGAL SERVICES

### Volgende Dienste Beskikbaar:

Verwysing na Ombudsman, Egskeidings, Invorderings, Arbeids Dispute, Onderhouds sake, Skuld Berading, Hof vir Klein Eise; HIV Berading(Gratis).

Kontak Quinton: 012 335 2354 / 079 923 9422



# c'naru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemerk om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aan soeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015



## TH Theuns Hurter

### Prokureurs, Notarisse en Boedelberedderaars

Ons lewer die volgende professionele dienste:

- ◆ Opstel/Registrasies van Huweliksvoorwaardekontrakte
- ◆ Koop en Verkoop van Eiendomme
- ◆ Beredding van Bestorwe Boedels (Ons is ook bereid om boedels af te handel waarmee u al vir maande sukkel)
- ◆ Bestrede en Onbestrede Egskeidings
- ◆ Strafregtelike aangeleenthede
- ◆ Algemene Kontraktereg

Vir professionele en bekostigbare diens kontak my gerus by:

Tel: + 27 12 342 0006 • Sel: 083 539 3481

E-pos: [theuns@hurterlaw.com](mailto:theuns@hurterlaw.com) • Faks: 086 608 1900

(Indien u so verkies, kan konsultasies ook gereël word by u woning of besigheid)

# Taakspan vir Lidmaatskap

Elkeen van ons se lidmaatskap speel 'n sleutelrol in hierdie gemeente. Dit is een ding om aan iets te behoort, maar 'n ander saak om beskikbaar te wees vir diens. Talle organisasies het elkeen lange ledestyl, maar min lede is werklik beskikbaar vir diens. So ook met die kerk – die lidmate is daar, maar as die Koning van die kerk hulle oproep tot diens dan het hulle baie verskonings waarom hulle nie beskikbaar is nie. Ironies, want in sy wese is die kerk juis 'n groep mense wat aan die Here behoort en dus uitsluitlik tot Sy beskikking behoort te wees.

Die eintlike vraag wat ons vir onself moet afvra is: "Wat beteken my lidmaatskap van Rietfontein-Suid vir my?" Eerstens, as ons bely dat ons aan 'n heilige kerk behoort, verklaar ons daarmee dat ons beskikbaar is. Die woord 'heilig' beteken immers 'afgesonder', 'eenkantgeplaas', 'tot beskikking van'. Tweedens, omdat ons aan die Here Jesus Christus behoort is ons ook beskikbaar vir Hom.

Efesiërs 4 (Die Boodskap) het hierdie wonderlike, inspirende woorde vir ons gemeente (u kan gerus die hele gedeelte op u tyd deurlees):

1. Leef so dat God trots kan wees dat Hy julle na Hom toe geroep het.
2. Die Heilige Gees het van ons eenhegte span vir God gemaak. Hierdie "een-wees" en "saam-wees" moet ons tot elke prys bewaar. Ons moenie toelaat dat enigiets tussen ons kom wat die goeie verhouding tussen ons bederf nie.
3. Christus het vir elkeen van ons iets besonder gegee om in die gemeente te doen. Nie elkeen van ons het dieselfde gekry om te doen nie.
4. Hierdie spesiale geskenke het Hy vir ons gegee sonder dat een van ons dit verdien het.
5. Op die manier sal die liggaam van Christus sterk word en kan wees wat dit behoort te wees. So sal ons al hoe nader aan mekaar beweeg en al hoe meer 'n eenheid vorm. Saam sal ons die Seun van God beter leer ken en meer op Hom vertrou.
6. Ons verhouding met Jesus sal in alles net sterker word. Ons, as die liggaam, sal al hoe meer van Christus afhanklik wees, want Hy is mos die kop van die liggaam.
7. Die liggaam is mooi aanmekaar gesit, elke deel op sy plek, sodat elke liggaamsdeel sy eie werk doen en die ander liggaamsdele help.

Kom ons gee ook op hierdie manier nuwe betekenis aan ons lidmaatskap tot hierdie gemeente. Die taakspan vir Lidmaatskap is juis daarom gemeentelêde by te staan om hierdie nuwe betekenis te kan ontdek, met die fokus op nuwe lidmate sowel as bestaande lidmate. Die taakspan het twee prioriteite vir 2013 gestel, naamlik die inskakeling van nuwe lidmate en die toerusting van lidmate. In hierdie verband bied die taakspan vier nuwe lidmate oriënteringsgeleenthede deur die jaar aan en word nuwe lidmate verwelkom. Lidmate kan ook een van vier Netwerkkursusse deur die jaar bywoon om sodoende hulle gawes te ontdek waarmee God hulle oproep tot diens in die gemeente. Laastens is daar ook 'n Geestelike Groeiberaad geskeduleer vir 24/25 Mei 2013 waar alle lidmate uitgenooi word. Kom ons maak gebruik van hierdie toerustingsgeleenthede om ons lidmaatskap betekenisvol te maak.



Belangstellendes is welkom om met die taakspanleier vir Lidmaatskap, Rita Conradie (083 242 7029), of die Bedieningsleier: Lidmaatskap, Gert Kok (072 120 2952) te skakel vir meer besonderhede. 'n Opsomming van die jaar se aktiwiteite deur die taakspan vir Lidmaatskap word hiermee deurgegee.

Aktiwiteit	Datum
Nuwe Lidmate Oriëntering	5 Feb 2013, <b>16 Apr 2013</b> 16 Jul 2013, 8 Okt 2013
Nuwe Lidmate Verwelkomingstee	10 Feb 2013, <b>21 Apr 2013</b> 28 Jul 2013, 13 Okt 2013
Netwerkkursus (Begindatums)	19 Feb 2013, <b>23 Apr 2013</b>
U kan nou reeds registreer vir die kursus in April 2013. Meer inligting op die gemeente se webblad	23 Jul 2013, 15 Okt 2013
Groeiberaad	24/25 Mei 2013

### Kombadja-projek - "Rys vir arm oumense"

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboe shoot: A Glas /ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema

### Huweliksvreugde:

As jy die verkeerde persoon soos die regte persoon behandel, kan jy dalk net op die ou end die regte persoon by jou hê.

Aan die ander kant, as jy met die regte persoon trou en hom of haar verkeerd behandel, sal jy beslis op die ou end met die verkeerde persoon getrou het.

Ek weet ook dat dit baie belangriker is om die regte persoon te wees as wat dit is om met die regte persoon te trou.

Kortom, of jy met die regte of die verkeerde persoon trou, hang hoofsaaklik van jou af. (Zig Ziglar)

## Ander Christelike Webwerwe

Bibles for Believers

[www.biblesforbelievers.org](http://www.biblesforbelievers.org)



Bibles for Believers is a Christian Mission Organization which provides Bibles to believers across the world. Participating churches apply for Bibles for Christians who can read and who want to be disciples. Bibles for Believers (B4B) purchases, transports and delivers Bibles to the church. Everyone who receives a Bible must attend a discipleship course. B4B works closely with church planting organizations and the various Bible Societies.

The B4B headquarters is located in Krugersdorp, South Africa.

Bybelgenootskap van Suid Afrika

[www.bybel.co.za](http://www.bybel.co.za)



Die amptelike tuiste van die 1933/53- en die 1983-vertaling op die Internet. Die Bybelgenootskap wil graag mense aanmoedig om die Bybel te lees en te bestudeer - dit sluit jou in. Ons gebed is dat mense wat hierdie webwerf besoek in geloof sal groei.

Mag hierdie vertalings van die Bybel vir jou tot seën wees.

Die Bybelgenootskap se kantore is in Bellville, Suid Afrika.